



# KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING EN VOLMAG

# KENNISGEWING VAN ALGEMENE JAARVERGADERING

## CLOVER INDUSTRIES BEPERK

(Registrasienuommer 2003/030429/06)

(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)

(Gewone aandeelkode: CLR)

(ISIN: ZAE000152377)

("die Maatskappy")

### A. Kennisgewing

Kennis geskied hiermee van die Algemene Jaarvergadering (die "Algemene Jaarvergadering") van die Maatskappy wat op Vrydag, 28 November 2014 om 10:00 of enige verdaging/uitstelling daarvan, by Constantiarylaan 200, Constantiakloof, gehou sal word.

Aandeelhouers of hul gevolmagtigdes kan deelneem aan die Algemene Jaarvergadering by wyse van 'n telekonferensieoproep, en indien hulle dit wil doen:

- moet hulle die Maatskappysekretaris (per e-pos by die adres [jacques.vanheerden@clover.co.za](mailto:jacques.vanheerden@clover.co.za)) kontak teen nie later nie as Vrydag, 21 November 2014 om 12:00 om 'n PIN-nommer en inskakelbesonderhede vir dié konferensie-oproep te kry;
- sal daar van hulle verwag word om redelik bevredigende identifikasie te voorsien (vorms wat geldige identiteitsdokumente, bestuurderslisensies en paspoorte insluit); en
- sal afsonderlik deur hul eie telefoondiensverskaffers gedebiteer word vir hul telefoonoproep om aan die Algemene Jaarvergadering deel te neem.

### B. Wie kan bywoon en mag stem

Die Direksie van die Maatskappy (die "Direksie") het bepaal dat die rekorddatum vir die doeleinde om te bepaal watter aandeelhouers van die Maatskappy (die "aandeelhouers") geregtig is om kennis van die Algemene Jaarvergadering te ontvang, Vrydag, 19 September 2014 is, en die rekorddatum vir die doeleinde om te bepaal watter aandeelhouers van die Maatskappy geregtig is om op die Algemene Jaarvergadering van die Maatskappy te stem, Vrydag, 21 November 2014 is. Gevolglik sal slegs aandeelhouers wat handel gedryf het teen die laaste dag, synde Vrydag, 14 November 2014, en wat op Vrydag, 21 November 2014 in die Maatskappy se aandeleregister geregistreer is, geregtig wees om die Algemene Jaarvergadering by te woon, daaraan deel te

neem en daarop te stem.

Houers van gewone aandele in die Maatskappy sal geregtig wees om te stem oor al die besluite wat op die Algemene Jaarvergadering aan aandeelhouers voorgelê word.

Indien u gedematerialiseerde aandele besit wat in u naam geregistreer is of as u die geregistreerde eienaar van gesertifiseerde aandele is:

- kan u die Algemene Jaarvergadering persoonlik bywoon; of
- kan u 'n gevolmagtigde aanstel (wat nie 'n aandeelhouer van die Maatskappy hoef te wees nie) om u op die Algemene Jaarvergadering te verteenwoordig deur die aangehegte volmagvorm ooreenkomstig die opdragte daarop te voltooi en dit aan die oordragsekretaris te stuur om hulle teen nie later nie as Donderdag, 27 November 2014 om 10:00 te bereik. Enige volmagvorms wat nie teen hierdie vasgestelde tyd ingedien is nie, moet onmiddellik voor aanvang van die Algemene Jaarvergadering aan die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering ("Voorsitter") oorhandig word.

Indien u gedematerialiseerde aandele besit wat nie in u naam geregistreer is nie:

- en die Algemene Jaarvergadering persoonlik wil bywoon, moet u die nodige magtigingsbrief van u SEBD of makelaar verkry;
- en nie die Algemene Jaarvergadering wil bywoon nie, maar wil hê dat u stem op die Algemene Jaarvergadering aangeteken word, moet u met u SEBD of makelaar in verbinding tree en hom/haar van u stem-opdragte voorsien; en
- moet u nie die aangehegte volmagvorm invul nie.

Daar sal van alle deelnemers aan die vergadering verwag word om redelik bevredigende identifikasie (vorms wat geldige identiteitsdokumente, bestuurderslisensies en paspoorte insluit) aan die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering te voorsien.

### C. Doel van die Algemene Jaarvergadering

Die doel van die Algemene Jaarvergadering is om die volgende sake af te handel:

- om die volgende in te dien en daarvan kennis te neem – die Finansiële Jaarstate van die Maatskappy en die Clover groep vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2014 ("Finansiële Jaarstate"), welke Finansiële Jaarstate deel vorm van, en vervat is in, die Geïntegreerde Jaarverslag vir 2014 saam met hierdie kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering. Hierdie kennisgewing van Algemene Jaarvergadering is ook beskikbaar op die Maatskappy se webtuiste ([www.clover.co.za](http://www.clover.co.za));
- om kennis te neem van die aftrede van sekere direkteure ingevolge die Maatskappy se Akte van Inkorporasie (die "AVI") en om voor te stel en te stem oor die herverkiesing van sodanige direkteure;
- om voor te stel en te stem oor die aanstelling van 'n nuwe nie-uitvoerende direkteur van die Maatskappy, wat deur die Direksie aangestel is om 'n tydelike vakature ingevolge die AVI te vul;
- om voor te stel en te stem oor:
  - die heraanstelling van die onafhanklike eksterne ouditeure vir die finansiële jaar eindigende 30 Junie 2015; en
  - die verkiesing van die lede van die onafhanklike Oudit- en Risikokomitee van die Maatskappy ("onafhanklike Oudit- en Risikokomitee");
- om die Clover groep vergoedingsbeleid ("Clover groep vergoedingsbeleid") goed te keur;
- om die Voorsitter van die Maatskaplike en Etiese Komitee ("Maatskaplike en Etiese Komitee") die geleentheid te bied om ingevolge regulasie 43 van die Maatskappyywet terugvoering te gee aan die aandeelhouers; en
- om wysigings goed te keur aan "The Restated Clover Share Appreciation Rights Plan (2010)" wat vantevore deur die aandeelhouers goedgekeur is; en
- om al die besluite wat hieronder uiteengesit is, te oorweeg en indien dit goedgegedink word, met of sonder wysiging aan te neem.

### D. Gewone sake

#### 1. Gewone besluit nommer 1: Voorlegging van Finansiële Jaarstate

##### 1.1 Besluit

Om die Finansiële Jaarstate, insluitende die direkteursverslag, die ouditeursverslag, die verslag van die Oudit- en Risikokomitee, en die verslag

van die Maatskaplike en Etiese Komitee vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2014, soos vervat in die Geïntegreerde Jaarverslag vir 2014 en ooreenkomstig die Maatskappywet, te ontvang, te oorweeg en te aanvaar.

### 1.2 Goedkeuring

Vir hierdie gewone besluit om aanvaar te word, word die ondersteuning van die meerderheid van stemme wat deur teenwoordige aandeelhouers of deur gevolmagtigdes op hierdie Algemene Jaarvergadering uitgebring is, vereis.

## 2. Gewone besluit nommer 2: Herverkiesing van Mnr. WI Büchner ('n direkteur wat volgens rotasie afgetree het) as 'n nie-uitvoerende direkteur

### 2.1 Besluit

Om Mnr. WI Büchner (wat aftree as 'n direkteur van die Maatskappy, maar wat herverkiesbaar is en wat sy dienste aangebied het om herkies te word) as 'n nie-uitvoerende direkteur van die Maatskappy, ingevolge artikel 36 van die AVI te herverkies.

### 2.2 Goedkeuring

Vir hierdie gewone besluit om aanvaar te word, word die ondersteuning van die meerderheid van stemme wat deur teenwoordige aandeelhouers of deur gevolmagtigdes op hierdie Algemene Jaarvergadering uitgebring is, vereis.

### 2.3 'n Kort biografie van Mnr. WI Büchner verskyn hieronder:

Mnr. WI Büchner het in 1989 'n Baccalaureus in die Ingenieurswese graad verwerf. Hy is 'n melkprodusent wat sedert 1994 in die Oos-Kaap boer. Voor 1994, was hy Eerste Ingenieur by Eloptro (Denel) vir 'n tydperk van vyf jaar.

## 3. Gewone besluit nommer 3: Herverkiesing van Me. B Ngonyama ('n direkteur wat volgens rotasie afgetree het) as 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur

### 3.1 Besluit

Om Me. B Ngonyama (wat aftree as 'n direkteur van die Maatskappy, maar wat herverkiesbaar is en wat haar dienste aangebied het om herkies te word) as 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van die Maatskappy, ingevolge artikel 36 van die AVI te herverkies.

### 3.2 Goedkeuring

Vir hierdie gewone besluit om aanvaar te word, word die ondersteuning van die meerderheid van stemme wat deur teenwoordige aandeelhouers of deur gevolmagtigdes op hierdie Algemene Jaarvergadering uitgebring is, vereis.

### 3.3 'n Kort biografie van Me. B Ngonyama word hieronder uiteengesit:

Me. B Ngonyama is 'n gegradueerde van die Universiteit van Transkei en is 'n gekwalifiseerde Geoktrooieerde Rekenmeester (Suid-Afrika). Sy het ook haar Meestersgraad in Sake-administrasie in 2002 aan die Bond-universiteit verwerf en het die Women in Leadership Programme aan die Universiteit van Harvard voltooi. Sy is 'n voormalige vennoot by Deloitte & Touche.

## 4. Gewone besluit nommer 4: Herverkiesing van Mnr. TA Wixley ('n direkteur wat volgens rotasie afgetree het) as 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur

### 4.1 Besluit

Om Mnr. TA Wixley (wat aftree as 'n direkteur van die Maatskappy, maar wat herverkiesbaar is en wat sy dienste aangebied het om herkies te word)

as 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van die Maatskappy, ingevolge artikel 36 van die AVI te herverkies.

### 4.2 Goedkeuring

Vir hierdie gewone besluit om aanvaar te word, word die ondersteuning van die meerderheid van stemme wat deur teenwoordige aandeelhouers of deur gevolmagtigdes op hierdie Algemene Jaarvergadering uitgebring is, vereis.

### 4.3 'n Kort biografie van Mnr. TA Wixley word hieronder uiteengesit:

Mnr. TA Wixley is deur die Direksie as die Maatskappy se Leidende Onafhanklike Direkteur aangestel. Hy het in 1959 'n BCom-graad aan die Universiteit van Kaapstad verwerf en is 'n Geoktrooieerde Rekenmeester (SA). Hy was 41 jaar lank werksaam by Ernst & Young en dié maatskappy se voorgangers – 31 jaar as 'n vennoot en as Voorsitter vir die laaste tien jaar. Hy is lid van SAIGR se komitee oor korporatiewe reg en die Aktuariële Bestuursraad .

## 5. Gewone besluit nommer 5: Aanstelling van nuwe nie-uitvoerende direkteur

### 5.1 Besluit

Om Mnr. PR Griffin as 'n nie-uitvoerende direkteur van die Maatskappy te verkies.

### 5.2 Goedkeuring

Vir hierdie gewone besluit om aanvaar te word, word die ondersteuning van die meerderheid van stemme wat deur teenwoordige aandeelhouers of deur gevolmagtigdes op hierdie Algemene Jaarvergadering uitgebring is, vereis.

### 5.3 'n Kort biografie van Mnr. PR Griffin word hieronder uiteengesit:

Mnr. PR Griffin is sedert 1982 'n melkprodusent en was vir twee jaar die voorsitter van Nasionale Clover Produsenteforum. Hy het in 1981 'n

BSc Agric (Hons) graad aan die Universiteit van Natal verwerf. Mnr. PR Griffin is op 13 Maart 2014 op die Direksie as 'n direkteur aangestel om 'n tydelike vakature ingevolge die AVI te vul.

## 6. Gewone besluit nummer 6: Heraanstelling van Onafhanklike Eksterne Ouditeure

### 6.1 Besluit

Ernst & Young Inc. word heraangestel op aanbeveling van die huidige Oudit- en Risikokomitee, as die onafhanklike geregistreerde ouditeure van die Maatskappy en daar word kennis geneem dat die individuele geregistreerde ouditeur wat die audit gedurende die komende finansiële jaar eindigende 30 Junie 2015 sal doen, Mnr. SJJ Strydom is.

### 6.2 Goedkeuring

Vir hierdie gewone besluit aangeneem te word, word die ondersteuning van die meerderheid van stemme wat deur teenwoordige aandeelhouers of deur gevolmagtigdes op hierdie Algemene Jaarvergadering uitgebring is, vereis.

## 7. Gewone besluit nummer 7: Verkiesing van Dr. SF Booysen as 'n lid van die onafhanklike Oudit- en Risikokomitee

### 7.1 Besluit

Om Dr. SF Booysen, wat 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van die Maatskappy is, as 'n lid van die Maatskappy se Oudit- en Risikokomitee vir die komende jaar te verkies. Soos duidelik blyk uit Dr. SF Booysen se biografie (wat hieronder verskyn) beskik hy oor die nodige kwalifikasie en/of ervaring om sy pligte as 'n komiteelid na te kom.

### 7.2 Goedkeuring

Vir hierdie gewone besluit aangeneem te word, word die ondersteuning van die meerderheid van stemme wat deur teenwoordige aandeelhouers of deur gevolmagtigdes op hierdie Algemene Jaarvergadering uitgebring, vereis.

### 7.3 'n Kort biografie van Dr. SF Booysen verskyn hieronder:

Dr. SF Booysen het 'n doktorsgraad in handel aan die Universiteit van Pretoria verwerf en is 'n gekwalifiseerde Geoktrooieerde Rekenmeester (SA). Hy was van 2004 tot 2009 die Groep Uitvoerende Hoof van Absa Bank Beperk.

## 8. Gewone besluit nummer 8: Verkiesing van Adv. JNS du Plessis as 'n lid van die onafhanklike Oudit- en Risikokomitee

### 8.1 Besluit

Om Adv. JNS du Plessis, wat 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van die Maatskappy is, as 'n lid van die Maatskappy se Oudit- en Risikokomitee vir die komende jaar te verkies. Soos duidelik blyk uit Adv. JNS du Plessis se biografie (wat hieronder verskyn) beskik hy oor die nodige kwalifikasie en/of ervaring om sy pligte as 'n komiteelid na te kom.

### 8.2 Goedkeuring

Vir hierdie gewone besluit om aangeneem te word, word die ondersteuning van die meerderheid van stemme wat deur teenwoordige aandeelhouers of deur gevolmagtigdes op hierdie Algemene Jaarvergadering uitgebring is, vereis.

### 8.3 'n Kort biografie van Adv. JNS du Plessis verskyn hieronder:

Advokaat JNS du Plessis het 'n BCom LLB-graad aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Hy is in 1974 as advokaat toegelaat en het in 1989 senior advokaat geword. Hy het al by geleentheid as 'n waarnemende regter van die Hoër Hof. Hy is in diens van Steinhoff International (Eiendoms) Beperk en dien op hulle direksie.

## Gewone besluit nummer 9: Verkiesing van Me. B Ngonyama as 'n lid van die onafhanklike Oudit- en Risikokomitee

### 9.1 Besluit

Om Me. B Ngonyama, wat 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van die Maatskappy is, as 'n lid van die Maatskappy se Oudit- en Risikokomitee vir die komende jaar te verkies (onderworpe aan die aanvaarding van gewone besluit nummer 3 hierbo). Soos duidelik blyk uit Me. B Ngonyama se biografie (wat hieronder verskyn) beskik sy oor die nodige kwalifikasie en/of ervaring om haar pligte as 'n komiteelid na te kom.

### 9.2 Goedkeuring

Vir hierdie gewone besluit aangeneem te word, word die ondersteuning van die meerderheid van stemme wat deur teenwoordige aandeelhouers of deur gevolmagtigdes op hierdie Algemene Jaarvergadering uitgebring is, vereis.

### 9.3 'n Kort biografie van Me. B Ngonyama verskyn hieronder:

Me. B Ngonyama is 'n gegradueerde van die Universiteit van Transkei en is 'n gekwalifiseerde Geoktrooieerde Rekenmeester (SA). Sy het ook haar Meestersgraad in Sake-administrasie in 2002 aan die Bond-universiteit verwerf en het die Women in Leadership Programme aan die Universiteit van Harvard voltooi. Sy is 'n voormalige vennoot by Deloitte & Touche.

## 9. Gewone besluit nummer 10: Verkiesing van Mnr. TA Wixley as 'n lid van die onafhanklike Oudit- en Risikokomitee

### 10.1 Besluit

Om Mnr. TA Wixley, wat 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur van die Maatskappy is, as 'n lid van die Maatskappy se Oudit- en Risikokomitee vir die komende jaar te verkies (onderhewig aan die goedkeuring van gewone besluit nummer 4 hierbo). Soos duidelik blyk uit Mnr. TA Wixley

se biografie (wat hieronder verskyn) beskik hy oor die nodige kwalifikasie en/of ervaring om sy pligte as 'n komiteelid na te kom.

## 10.2 Goedkeuring

Vir hierdie gewone besluit om aangeneem te word, word die ondersteuning van die meerderheid van stemme wat deur teenwoordige aandeelhouders of deur gevolmagtigdes op hierdie Algemene Jaarvergadering uitgebring is, vereis.

## 10.3 'n Kort biografie van Mnr. TA Wixley verskyn hieronder:

Mnr. TA Wixley is deur die Direksie as die Maatskappy se Leidende Onafhanklike Direkteur aangestel. Hy het in 1959 'n BCom-graad aan die Universiteit van Kaapstad verwerf en is 'n Geoktrooieerde Rekenmeester (SA). Hy was 41 jaar lank werksaam by Ernst & Young en dié maatskappy se voorgangers – 31 jaar as 'n vennoot en as Voorsitter vir die laaste tien jaar. Hy is lid van SAIG se komitee oor korporatiewe reg en die Aktuariële Bestuursraad.

## 10. Gewone besluit nummer 11: Goedkeuring van die Clover Groepsvergoedingsbeleid

### 11.1 Besluit

Die Clover Groepsvergoedingsbeleid soos omskryf in die Vergoedingsverslag op bladsye 54 tot 69 van die Geïntegreerde Jaarverslag vir 2014, word onderskryf by wyse van 'n nie-bindende adviserende stem soos aanbeveel in die King III: Kode oor Korporatiewe Bestuur vir Suid-Afrika 2009.

### 11.2 Goedkeuring

Vir hierdie gewone besluit om aangeneem te word, word die ondersteuning van die meerderheid van stemme wat deur teenwoordige aandeelhouders of deur gevolmagtigdes op hierdie Algemene Jaarvergadering uitgebring is, vereis.

## 11. Gewone besluit nummer 12: Wysigings van "The Restated Clover Share Appreciation Rights Plan (2010)" ("Plan")

### 12.1 Besluit

Om die wysigings van die Plan soos vervat in die derde bylae tot die Plan wat by die Algemene Jaarvergadering voorgelê gaan word, en deur die Voorsitter vir die doeleinde van identifikasie onderteken gaan word, goed te keur.

### 12.2 Verduideliking

Die rede vir en uitwerking van hierdie gewone besluit nummer 12 is om die wysigings van die Plan goed te keur sodat:

- die verwysing in die Plan na die "Stabilisation Trust" bygewerk word om die nuwe naam van sodanige trust, naamlik die "Milk Producers Trust" te weerspieël; en
- die voorwaardes van die Plan, wat huidiglik bepaal dat indien 30% van die algehele uitgereikte aandeelkapitaal van die Maatskappy verkry word deur enige persoon wat gesamentlik optree, buiten die "Milk Producers Trust" en/of die deelnemers ("Verandering van Beheer"), sal al die aandeel-appresiasieregte ("AARe") wat toegeken is aan 'n deelnemer onmiddellik in sodanige deelnemer vestig en ingevolge die bepaling van die Plan uitgeoefen kan word, gewysig word om te bepaal dat indien daar 'n Verandering van Beheer plaasvind, slegs die proporsionele getal AARe wat op of na 1 Januarie 2014 aan 'n deelnemer toegeken is, met inagneming van (i) die tydperk wat verloop het tussen die toekenningsdatum en die vestigingsdatum ten tyde van die Verandering van Beheer, en (ii) die mate waarin die prestasiekriteria (indien enige) nagekom is op die datum van die Verandering van Beheer, soos vasgestel deur die Vergoedings- en Nominasiekomitee

("Remco") wat geag word billik en redelik te wees teenoor die betrokke deelnemers; met dien verstande dat indien (i) 'n dispuut ontstaan tussen die deelnemers en Remco, sodanige dispuut na die Direksie verwys sal word vir beslissing, en (ii) sodanige dispuut nie binne 'n tydperk van 60 (sestig) dae vanaf sodanige verwysing na die Direksie opgelos word nie, die dispuut verwys sal word na 'n Deskundige ingevolge klousule 15 van die Plan vir finale beslissing.

Die Plan sowel as die derde bylae wat die wysigings van die Plan vervat, sal gedurende normale kantoorure vanaf 08:00 tot 16:00 by die Maatskappy se geregistreerde kantoor by Constantiarylaan 200, Constantiakloof tussen die datum van hierdie kennisgewing en die datum van die Algemene Jaarvergadering ter insae beskikbaar wees. 'n Harde kopie of elektroniese afskrif daarvan is op versoek by die maatskappysekretaris by [jacques.vanheerden@clover.co.za](mailto:jacques.vanheerden@clover.co.za) vir aandeelhouders beskikbaar.

### 12.3 Goedkeuring

Vir hierdie gewone besluit om aangeneem te word, word die ondersteuning van 75% van die totale stemme wat deur teenwoordige aandeelhouders of deur gevolmagtigdes op hierdie Algemene Jaarvergadering uitgebring is, ingevolge die bepaling van die Noteringsvereistes van die JSE, vereis.

## E. Spesiale sake

### 1. Spesiale besluit nummer 1: Algemene magtiging om aandele terug te koop

#### 1.1 Besluit

Die Maatskappy en/of enige van sy filiale is en word hiermee by wyse van 'n algemene magtiging gemagtig om van tyd tot tyd gewone aandele wat deur die Maatskappy uitgereik is, te verkry, volgens sodanige bepalinge en voorwaardes

wat die Direkteure goeddink, en ingevolge die AVI, artikel 48 van die Maatskappywet en die Noteringsvereistes van die JSE, met dien verstande dat:

- 1.1.1 sodanige verkrygings geïmplementeer sal word deur die bestelboek wat deur die JSE se verhandelingsstelsel bedryf word en sonder enige vooraf verstandhouding of reëling tussen die Maatskappy en die teenparty (aangemelde transaksies word verbied);
- 1.1.2 sodanige algemene magtiging slegs tot die volgende Algemene Jaarvergadering van die Maatskappy geldig is of die verandering of herroeping van sodanige algemene magtiging deur 'n spesiale besluit op enige daaropvolgende algemene vergadering van die Maatskappy, met dien verstande dat dit nie langer as 15 maande voortduur ná die aanvaarding van hierdie besluit nie;
- 1.1.3 sodanige terugkoop nie gedoen mag word teen 'n prys wat meer as 10% (tien persent) hoër is as die geweegde gemiddelde van die markwaarde van die aandele vir die 5 (vyf) sakedae onmiddellik vóór die datum waarop die terugkoop gedoen is nie. Die JSE moet geraadpleeg word vir 'n beslissing indien die Maatskappy se sekuriteite nie in sodanige vyf-dagtydperk verhandel is nie;
- 1.1.4 wanneer die Maatskappy kumulatief 3% (drie persent) van die aanvanklike getal van die betrokke klas aandele teruggekoop het (die getal van daardie klas aandele wat uitgereik is ten tyde van wanneer sodanige algemene magtiging van aandeelhouders toegestaan is) en vir elke 3% (drie persent) in totaal van die aanvanklike getal van daardie klas wat daarna verkry is, moet 'n aankondiging gedoen word wat die besonderhede verstrek wat ingevolge die

Noteringsvereistes van die JSE vereis word ten opsigte van sodanige terugkoop;

- 1.1.5 die Maatskappy deur die AVI gemagtig is;
- 1.1.6 geen terugkoop van aandele gedurende 'n verbode tydperk gedoen sal word soos voorgeskryf in die Noteringsvereistes van die JSE nie, tensy 'n terugkoopprogram bestaan, waar datums en hoeveelhede aandele wat gedurende die verbode tydperk vasgestel is (nie onderworpe aan enige variasie nie) en volledige besonderhede van die program openbaar gemaak is in 'n aankondiging deur SENS vóór die aanvang van die verbode tydperk;
- 1.1.7 die Maatskappy slegs een agent aanstel om enige terugkoop namens hom te doen;
- 1.1.8 die totaal van sodanige verkrygings, in enige finansiële jaar, nie 20% (twintig persent) van die Maatskappy se uitgereikte aandeelkapitaal van daardie klas aandele soos aan die begin van die finansiële jaar mag oorskry nie;
- 1.1.9 'n besluit deur die Direksie aangeneem is wat bevestig dat die Direksie die algemene terugkoop gemagtig het, dat die Maatskappy die solvensie- en likiditeitstoets geslaag het en dat daar, sedert die toets gedoen is, geen wesentlike veranderings in die finansiële stand van die Maatskappy en die Clover groep was nie;
- 1.1.10 die Maatskappy onderneem dat hy nie die mark sal betree om die Maatskappy se aandele te verkry totdat die Maatskappy se borg skriftelike bevestiging aan die Maatskappy voorsien het met betrekking tot die toereikendheid van die Maatskappy se bedryfskapitaal ingevolge bylae 25 van die JSE se Noteringsvereistes nie;

1.1.11 enige sodanige terugkopings onderworpe is aan valutabeheer-regulasies en die goedkeuring op daardie tydstip; en

1.1.12 die totaal van sodanige verkrygings wat deur filiale van die Maatskappy gehou word, nie 10% (tien persent) van die Maatskappy se uitgereikte aandeelkapitaal op enige tydstip mag oorskry nie.

## 1.2 Verduideliking

Die rede vir en die uitwerking van hierdie spesiale besluit is om die Maatskappy en/of enige van sy filiale by wyse van 'n algemene magtiging ingevolge artikel 48 van die Maatskappywet en paragraaf 5.72 van die JSE se Noteringsvereistes te magtig om die aandele wat hy ingevolge sodanige bepalinge uitgereik het na goedgeunde van die Direkteure, te verkry. Enige aandele wat soos hierbo genoem deur die Maatskappy verkry word (in teenstelling met sy filiale), moet gekanselleer word en herstel word na die status van gemagtigde maar onuitgereikte aandele in die kapitaal van die Maatskappy.

## 1.3 Verklaring van die Direksie se voorneme

Die Direksie het geen spesifieke voorneme om uitvoering te gee aan die bepalinge van spesiale besluit nummer 1 nie, maar sal egter die Maatskappy se standpunt deurlopend heroorweeg met betrekking tot heersende omstandighede en marktoestande, in die oorweging om uitvoering te gee aan die bepalinge van spesiale besluit nummer 1.

## 1.4 Goedkeuring

Vir hierdie spesiale besluit om aanvaar te word, word minstens 75% van die totale stemme wat uitbring is deur aandeelhouders wat op hierdie vergadering teenwoordig of daarop deur gevolmagtigdes verteenwoordig word, vereis.

## 2. Spesiale besluit nummer 2: Vergoeding van Nie-uitvoerende Direkteure

### 2.1 Besluit

Om die vergoeding van die nie-uitvoerende direkteure met ingang 1 Julie 2014 en soos hieronder aangedui, goed te keur:

Direksie	Informele verantwoordelikhede	Rentensiegelde en vergadering	Dienste gelewer wat buite die bestek van dienste val	Totale gelde
Voorsitter	R24 500	R1 086 500	R1 870 per uur	R1 111 000
Hoof Onafhanklike Direkteur	R24 500	R813 400	R1 870 per uur	R837 900
Adjunk-voorsitter	R24 500	R345 500	R1 870 per uur	R370 000
Direksielede	R24 500	R274 500	R1 870 per uur	R299 000

- Die gelde van die Voorsitter en Hoof Onafhanklike Direkteur sluit die lidmaatskap van die Direksie en alle komitees in.

Komitees	Bywoningsgelde
<b>Oudit- en Risikokomitee</b>	
(a) voorsitter	R46 970 (huidiglik nie van toepassing nie)
(b) lid	R31 350
<b>Vergoedingskomitee</b>	
(a) voorsitter	R44 080
(b) lid	R20 000
<b>Maatskaplike en Etiese Komitee</b>	
(a) voorsitter	R44 080 (huidiglik nie van toepassing nie)
(b) lid	R20 000
<b>Nominasiekomitee</b>	
(a) voorsitter	R23 430 (huidiglik nie van toepassing nie)
(b) lid	R15 620
<b>Ander subkomitees</b>	
(a) voorsitter	R23 430
(b) lid	R15 620
<b>Ad hoc Komitees/Ad hoc Direksievergaderings</b>	
(a) voorsitter	R12 840
(b) lid	R8 560

### 2.2 Verduideliking

Die rede vir en die uitwerking van hierdie spesiale besluit is om die Maatskappy magtiging te verleen om vergoeding te betaal aan sy nie-uitvoerende direkteure vir hul dienste as direkteure van die Maatskappy met ingang 1 Julie 2014.

### 2.4 Goedkeuring

Vir hierdie spesiale besluit om aangeneem te word, word minstens 75% van die totale stemme wat uitgebring is deur aandeelhouers wat op hierdie vergadering teenwoordig is of daarop deur gevolmagtigdes verteenwoordig word, vereis.

## F. Ander sake

Om sodanige ander sake wat op 'n Algemene Jaarvergadering behandel kan word te hanteer.

Openbaarmaking wat ingevolge die Noteringsvereistes van die JSE vereis word met betrekking tot spesiale besluit nummer 1.

### Solvensie- en Likiditeitsverklaring

Die Direksie bevestig dat die Maatskappy nie met 'n algemene terugkoop van aandele ten opsigte van spesiale besluit nummer 1 sal begin nie, tensy, vir 'n tydperk van 12 maande na die datum van die algemene terugkoop soos bedoel in spesiale besluit nummer 1:

- die Maatskappy en die Clover groep se bates meer is as die aanspreeklikhede van die Maatskappy en die Clover groep. Vir hierdie doeleinde sal die bates en aanspreeklikhede erken en gemeet word ooreenkomstig die rekeningkundige beleid wat in die jongste geouditeerde gekonsolideerde finansiële jaarstate gebruik word wat aan die Maatskappywet voldoen;
- die aandeelkapitaal en reserwes van die Maatskappy en die Clover groep voldoende is vir gewone sakedoeleindes;
- die bedryfskapitaal wat beskikbaar aan die Maatskappy en die Clover groep voldoende sal wees vir die Maatskappy en die Groep vir gewone sakedoeleindes; en
- die Maatskappy en die Clover groep hul skuld sal kan betaal na gelang dit in die gewone loop van sake betaalbaar word.

## DIREKTEURE SE VERANTWOORDELIKHEIDS-VERKLARING

Die direkteure, wie se name op bladsye 16 tot 18 van die Geïntegreerde Jaarverslag vir 2014 verskyn, aanvaar gesamentlik en afsonderlik volle verantwoordelikheid vir die akkuraatheid van die inligting wat in spesiale besluit nommer 1 verskyn en sertifiseer dat daar, na hul beste wete en kennis, geen feite is wat weggelaat is wat enige stelling vals of misleidend sal maak nie en dat alle redelike navraag gedoen is om hul van sodanige feite te vergewis en dat spesiale besluit nommer 1 alle inligting bevat wat deur die wet en die Noteringsvereistes van die JSE vereis word.

### Algemene inligting

- Die Finansiële Jaarstate verskyn op bladsye 106 tot 197 van die Geïntegreerde Jaarverslag vir 2014;
- Inligting wat betrekking het op die direkteure en die bestuur van die Maatskappy verskyn op bladsye 16 tot 18 van die Geïntegreerde Jaarverslag vir 2014;
- Inligting wat betrekking het op die belangrikste aandeelhouders verskyn op bladsy 14 van die Geïntegreerde Jaarverslag vir 2014;
- Inligting wat betrekking het op die direkteure se belange in die Maatskappy verskyn op bladsye 191 tot 195 van die Geïntegreerde Jaarverslag vir 2014;
- Inligting wat betrekking het op die aandeelkapitaal van die Maatskappy verskyn op bladsye 165 tot 167 van die Geïntegreerde Jaarverslag vir 2014;
- Daar is geen geregtelike of arbitrasieverrigtinge wat onlangs, synde die 12 maande wat die datum van hierdie kennisgewing van die Algemene Jaarvergadering voorafgaan, 'n wesenlike uitwerking op die finansiële stand van die Maatskappy en die Clover groep kon gehad het of gehad het nie, en die Maatskappy is nie bewus van enige sodanige hangende of dreigende verrigtinge nie; en
- Daar was, sedert die datum van die ouditeursverslag en die ondertekening van hierdie kennisgewing, geen wesenlike veranderings in die finansiële stand of handelsposisie van die Maatskappy en die Groep nie.

### Aanstelling van gevolmagtigdes

Enige aandeelhouer wat geregtig is om die Algemene Jaarvergadering by te woon en daarop te stem, is geregtig om 'n gevolmagtigde aan te stel om die vergadering in sy of haar plek by te woon, daarop te praat en by 'n stemming met briefies of die opsteek van hande in sy of haar plek te stem. 'n Gevolmagtigde hoef nie 'n aandeelhouer van die Maatskappy te wees nie.

Volmagtvorms moet teen nie later nie as Donderdag, 27 November 2014 om 10:00 deur die oordragsekretarisse, Computershare Investor Services (Eiendoms) Bepk, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001 (Posbus 61051, Marshalltown, 2107), telefaksnommer 011 688 5238, ontvang word. Enige volmagtvorm wat nie teen dié tyd ontvang is nie, moet onmiddellik voor die aanvang van die Algemene Jaarvergadering aan die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering oorhandig word.

### Vertolking van hierdie kennisgewing

Alle verwysings in hierdie kennisgewing van Algemene Jaarvergadering na die:

- "Noteringsvereistes van die JSE" beteken die Noteringsvereistes van die JSE Bepk, soos van tyd tot tyd gewysig en deur die JSE Bepk vertolk en toegepas;
- "Maatskappywet" beteken die Maatskappywet, nr 71 van 2008, soos gewysig; en
- "Maatskappyregulasies" beteken die Maatskappyregulasies, 2011, soos gewysig.

Op las van die Direksie



**J van Heerden**

*Maatskappyskretaris*

26 September 2014



# VOLMAGVORM

## CLOVER INDUSTRIES BEPERK

(Registrasienuommer 2003/030429/06)  
 (In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)  
 (Gewone aandeelkode: CLR)  
 (ISIN: ZAE000152377)  
 ("die Maatskappy")

## VOLMAGVORM VIR DIE ALGEMENE JAARVERGADERING

Houers van gewone aandele sal geregtig wees om oor al die besluite wat op die Algemene Jaarvergadering aan aandeelhouers ("aandeelhouers") voorgelê word, te stem. Hierdie volmagvorm is vir die gebruik van houers van gewone gesertifiseerde aandele en houers van gedematerialiseerde aandele wie se aandele op hul eie name geregistreer is op Vrydag, 21 November 2014 ("Rekorddatum"), synde die Rekorddatum vir die Algemene Jaarvergadering wat op Vrydag, 28 November 2014 om 10:00 by Constantiarylaan 200, Constantiakloof, Roodepoort gehou sal word (sien aantekeninge 1 en 2).

Vir opdragte oor die gebruik van hierdie volmagvorm en 'n opsomming van die regte van aandeelhouers wat deur gevolmagtigdes verteenwoordig staan te word en die gevolmagtigdes self, moet die opdragte en aantekeninge aan die einde van hierdie vorm geraadpleeg word.

Terme in hierdie volmagvorm wat in hoofletters aangedui, maar nie gedefinieer is nie, het dieselfde betekenis as dié van die kennisgewing van Algemene Jaarvergadering wat hierdie volmagvorm vergesel.

Ek/ons \_\_\_\_\_  
 (volle name in BLOKLETTERS asseblief)

van (adres) \_\_\_\_\_

selfoon \_\_\_\_\_ eposadres \_\_\_\_\_

telefoon (werk) \_\_\_\_\_ (tuis) \_\_\_\_\_

synde die houer van  gewone aandeel/dele,  
 sien aantekening 1) stel hiermee

of indien nie hom/haar nie, \_\_\_\_\_

of indien nie hom/haar nie, \_\_\_\_\_

of so nie, die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering aan as my/ons gevolmagtigde om deel te neem aan en om vir my/ons of namens my/ons te praat en te stem op die Algemene Jaarvergadering wat gehou sal word met die doel om die besluite wat op die Algemene Jaarvergadering voorgestel en oorweeg sal word, te oorweeg en indien dit goedgevind word, hulle met of sonder wysiging op die Algemene Jaarvergadering of by enige verdagting daarvan te aanvaar, en om ten gunste van of teen sodanige besluite te stem of om buite stemming te bly ten opsigte van die gewone aandele wat op my/ons naam/name geregistreer is, in ooreenstemming met die volgende opdragte (sien aantekeninge 4 tot 6).

Getal stemme	Gewone aandele		
	Ten gunste van*	Teen*	Buite stemming*
<b>A. Gewone sake</b>			
1. Gewone besluit nummer 1: Voorlegging van Finansiële Jaarstate			
2. Gewone besluit nummer 2: Herverkiesing van Mnr. WI Büchner, wat volgens rotasie afgetree het, as 'n nie-uitvoerende direkteur			
3. Gewone besluit nummer 3: Herverkiesing van Me. B Ngonyama, wat volgens rotasie afgetree het, as 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur.			
4. Gewone besluit nummer 4: Herverkiesing van Mnr. TA Wixley, wat volgens rotasie afgetree het, as 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur			
5. Gewone besluit nummer 5: Heraanstelling van Mnr. PR Griffin as die nuwe nie-uitvoerende direkteur			
6. Gewone besluit nummer 6: Heraanstelling van onafhanklike eksterne ouditeure			
7. Gewone besluit nummer 7: Verkiesing van Dr. SF Booysen tot lid van die onafhanklike Oudit- en Risikokomitee			
8. Gewone besluit nummer 8: Verkiesing van Adv. JNS du Plessis tot lid van die onafhanklike Oudit- en Risikokomitee			
9. Gewone besluit nummer 9: Verkiesing van Me. B Ngonyama tot lid van die onafhanklike Oudit- en Risikokomitee			
10. Gewone besluit nummer 10: Verkiesing van Mnr. TA Wixley tot lid van die onafhanklike Oudit- en Risikokomitee			
11. Gewone besluit nummer 11: Goedkeuring van die Glover Groepvergoedingsbeleid			
12. Gewone besluit nummer 12: Wysigings aan die "The Restated Clover Share Appreciation Rights Plan (2010)"			
<b>A. Spesiale sake</b>			
1. Spesiale besluit nummer 1: Algemene magtiging om aandele terug te koop			
2. Spesiale besluit nummer 2: Goedkeuring van nie-uitvoerende direkteure se vergoeding			

\* Trek 'n "X" in die betrokke ruimte hierbo volgens hoe u wil hê u stem uitbring moet word. Indien u eger u stem wil uitbring ten opsigte van minder as u totale besit van gewone aandele in die Maatskappy, moet u die getal gewone aandele ten opsigte waarvan u wil stem, invoeg (sien aantekening 5).

Handtekening \_\_\_\_\_

Geteken te \_\_\_\_\_ op \_\_\_\_\_ 2014

Bygestaan deur my (waar van toepassing) \_\_\_\_\_

# AANTEKENINGE TOT DIE VOLMAGVORM

## OPSOMMING VAN REGTE VERVAT IN ARTIKEL 58 VAN DIE MAATSKAPPYWET 71 VAN 2008

Ingevolge artikel 58 van die Maatskappywet 71 van 2008:

- kan 'n aandeelhouer te eniger tyd en ooreenkomstig die bepalings van artikel 58 van die Maatskappywet enige individu (insluitende 'n individu wat nie 'n aandeelhouer is nie) as 'n gevolmagtigde aanstel om namens sodanige aandeelhouer deel te neem aan en te stem op die Algemene Jaarvergadering;
- kan 'n gevolmagtigde sy of haar volmag deleger namens die aandeelhouer aan 'n ander persoon, onderworpe aan enige beperking wat in die instrument wat sodanige gevolmagtigde aanstel, uiteengesit is. Ongeag die vorm van die instrument wat gebruik is om die gevolmagtigde aan te stel, word die aanstelling van 'n gevolmagtigde opgeskort, te eniger tyd en tot die mate waartoe die betrokke aandeelhouer kies om regstreeks en persoonlik op te tree in die uitoefening van enige sodanige aandeelhouer se regte as 'n aandeelhouer;
- is enige aanstelling van 'n gevolmagtigde deur die aandeelhouer herroepbaar tensy die vorm van instrument wat gebruik is om sodanige gevolmagtigde aan te stel, anders meld;
- bly enige aanstelling geldig tot na die afloop van die Algemene Jaarvergadering (of enige verdaging daarvan), tensy dit op die wyse wat hierin bedoel word, herroep word;
- indien 'n aanstelling van 'n gevolmagtigde herroepbaar is, kan die aandeelhouer sodanige aanstelling herroep deur: (i) dit skriftelik te kanselleer of deur 'n latere onkonsekvente aanstelling van 'n gevolmagtigde te doen; en (ii) deur 'n afskrif van die herroepingsinstrument aan die gevolmagtigde en aan die Maatskappy af te lewer; en
- is 'n gevolmagtigde wat deur die aandeelhouer aangestel is geregtig om enige stemreg van sodanige aandeelhouer uit te oefen of om hom/haar te weerhou van die uitoefening daarvan sonder voorskrif, behalwe tot die mate dat die akte van inkorporasie van die Maatskappy of die instrument wat die gevolmagtigde aanstel, anders bepaal.

## OPDRAGTE EN AANTEKENINGE BY HIERDIE VOLMAGVORM

1. Hierdie volmagvorm moet slegs deur aandeelhouders gebruik word wie se aandele op hul eie name geregistreer is op die Rekorddatum en wat 'n ander persoon wil aanstel om hulle op die Algemene Jaarvergadering te verteenwoordig. Indien behoorlik daartoe gemagtig, kan maatskappye en ander korporatiewe liggame wat aandeelhouders van die Maatskappy is en wat aandele besit wat op hul name geregistreer is in plaas van om hierdie volmagvorm in te vul, 'n verteenwoordiger aanstel om hulle te verteenwoordig en om al hul regte op die Algemene Jaarvergadering uit te oefen deur skriftelik kennis te gee van die aanstelling van sodanige verteenwoordiger. Ander aandeelhouders moet nie hierdie volmagvorm gebruik nie.
2. Alle voorkeurhouers wat hul aandele deur middel van 'n Sentralesekuriteitebewaarplek-deelnemer ("SSBD") of makelaar gedematerialiseer het en wat nie hul aandele op hul eie name geregistreer het nie, moet die SSBD of makelaar van hul stem-opdragte voorsien. Andersins, indien hulle verlang om die Algemene Jaarvergadering self by te woon, moet hulle die SSBD of makelaar versoek om hulle te voorsien van 'n verteenwoordigingsbrief ingevolge die bewaringsooreenkoms wat tussen die voorkeur-eienaar en die SSBD of makelaar aangegaan is.
3. Hierdie volmagvorm sal nie van krag wees op die Algemene Jaarvergadering nie tensy dit teen nie later nie as Donderdag, 27 November 2014 om 10:00 by die Maatskappy se oordragkantoor, Computershare Investor Services (Edms) Beperk, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001 (Postbus 61051, Marshalltown, 2017), telefaksnommer 011 688 5238 ontvang word. Indien 'n aandeelhouer nie hierdie volmagvorm by dié adres wil aflewer nie, kan dit ook, op risiko van die aandeelhouer, gepos word na Postbus 6161, Weltevredenpark, 1715. Enige volmagvorme wat nie teen dié tyd ontvang is nie, moet onmiddellik vóór die Algemene Jaarvergadering aan die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering oorhandig word.
4. 'n Aandeelhouer kan die naam van 'n gevolmagtigde of die name van twee alternatiewe gevolmagtigdes van die aandeelhouer se keuse invul in die ruimte/s wat voorsien word, welke gevolmagtigde/s nie 'n aandeelhouer van die Maatskappy hoef te wees nie, met of sonder om "die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering" deur te haal, maar enige sodanige deurhaling moet volledig deur die aandeelhouer onderteken wees, met dien verstande dat:
  - (a) indien meer as een naam ingeskryf word, die persoon wie se naam eerste op die volmagvorm verskyn en wat op die Algemene Jaarvergadering teenwoordig is, geregtig sal wees om as gevolmagtigde op te tree ten uitsluiting van diegene wie se name volg;
  - (b) indien die naam van die gevolmagtigde nie ingevul is nie, die Voorsitter van die Algemene Jaarvergadering as gevolmagtigde aangestel sal word;
  - (c) die gevolmagtigde wat volgens hierdie volmagvorm aangestel is, die magtiging wat in hierdie volmagvorm

aan hom/haar verleen word, kan deleger deur 'n bykomende vorm aan die Maatskappy te lewer op die wyse wat deur hierdie opdragte vereis word en wat op 'n wyse ingevul is wat ooreenstem met die magtiging wat in hierdie volmagvorm verleen word; en

- (d) tensy dit herroep is, bly die aanstelling van die gevolmagtigde ingevolge hierdie volmagvorm van krag tot die einde van die Algemene Jaarvergadering selfs al word die Algemene Jaarvergadering of 'n gedeelte daarvan uitgestel of verdaag.
5. Aandeelhouders moet 'n "X" invul in die ruimte wat voorsien word volgens hoe hulle verlang dat hul stemme uitgebring moet word. Indien 'n aandeelhouer egter verlang om sy/haar stemme ten opsigte van 'n kleiner getal aandele uit te bring as dié wat hy/sy in die Maatskappy besit, moet hy/sy die getal aandele ten opsigte waarvan hy/sy wil stem, invul. Waar daar gesamentlike houders van enige aandele is, hoef slegs daardie aandeelhouer wie se naam eerste in die aandeleregister van die Maatskappy ten opsigte van sodanige aandele verskyn, hierdie volmagvorm te onderteken.
  6. Daar word geag dat die volmagvorm, benewens die magtiging wat ingevolge die Maatskappywet verleen word, die mag om in die algemeen op die Algemene Jaarvergadering op te tree verleen, onderworpe aan die spesifieke opdrag aangaande die wyse waarop daar gestem word in hierdie volmagvorm of volgens afsonderlike skriftelike opdragte wat gepaard gaan met hierdie volmagvorm. 'n Gevolmagtigde is dus geregtig om enige stemreg uit te oefen of om hom/haar te weerhou van die uitoefening van enige stemreg van die aandeelhouer sonder opdrag, behalwe tot die mate wat die stemopdragte aangedui word op die volmagvorm of in afsonderlike skriftelike opdragte wat met hierdie volmagvorm gepaard gaan. Sonder om afbreuk te doen aan die voorafgaande, sal geen van die volgende omstandighede kwalifiseer of geag word 'n kwalifikasie te wees van die magte van die gevolmagtigde na wie daar hierbo verwys word nie:
    - (a) die aandeelhouer dui nie op hierdie instrument aan dat die gevolmagtigde ten gunste van of teen enige besluit moet stem of buite stemming moet bly nie; of
    - (b) die aandeelhouer gee teenstrydige opdragte met betrekking tot enige aangeleentheid; of
    - (c) enige bykomende besluit/e is behoorlik voor die Algemene Jaarvergadering gestel; of
    - (d) enige besluit wat in die volmagvorm verskyn, is verander of gewysig.
  7. 'n Aandeelhouer of die gevolmagtigde word nie verplig om al die stemme wat deur die aandeelhouer of gevolmagtigde uitoefenbaar is, te gebruik nie, maar die totaal van die stemme wat uitgebring is ten opsigte waarvan buite stemming opgeteken is, mag nie die totale getal stemme wat deur die aandeelhouer of die gevolmagtigde uitoefenbaar is, oorskry nie.
  8. Indien hierdie volmagvorm onderteken is namens die aandeelhouer deur 'n persoon (ondertekenaar), hetsy ingevolge 'n volmag of andersins, dan is hierdie volmagvorm nie van krag nie tensy: (i) dit gepaard gaan met 'n gesertifiseerde afskrif van die magtiging wat deur die aandeelhouer aan die ondertekenaar verleen is; of (ii) die Maatskappy reeds 'n gesertifiseerde afskrif van sodanige magtiging ontvang het.
  9. Enige veranderings of regstellings aan hierdie vorm moet volledig onderteken wees en nie geparafeer wees nie. Indien hierdie volmagvorm ingevolge 'n volmag of ander vorm van magtiging onderteken is, dan moet sodanige volmag of ander vorm van magtiging of 'n notariesel gesertifiseerde afskrif daarvan saam met hierdie volmagvorm vir aantekening gestuur word (tensy dit reeds deur die oordragsekretaris aangeteken is). 'n Minderjarige moet deur sy/haar ouer of voog bygestaan word tensy die betrokke dokumente wat sy/haar regsbevoegdheid bepaal, getoon word of reeds deur die oordragsekretaris aangeteken is.
  10. Die invul en indiening van hierdie volmagvorm verhinder nie die betrokke aandeelhouer om self die Algemene Jaarvergadering by te woon, daarop te praat en te stem ten uitsluiting van enige gevolmagtigde wat ingevolge hierdie volmagvorm aangestel is nie.
  11. Hierdie volmagvorm word herroep indien die aandeelhouer wat die volmag verleen het:
    - (a) skriftelik aan die Maatskappy kennis gee van die kansellasie van die aanstelling van die gevolmagtigde, sodat dit teen nie later nie as Donderdag, 27 November 2014 om 10:00 by Constandiylaan 200, Constandiylaan, Roodepoort, 1709 per hand ontvang word;
    - (b) 'n ander gevolmagtigde vir die Algemene Jaarvergadering aanstel; of
    - (c) die Algemene Jaarvergadering self bywoon.
  12. Die Voorsitter kan enige volmagvorm aanvaar wat ingevul is anders as ooreenkomstig hierdie aantekeninge, indien die Voorsitter tevrede is oor die wyse waarop die aandeelhouer wil stem.
  13. Alle kennisgewings waarop 'n aandeelhouer geregtig is om met betrekking tot die Maatskappy te ontvang, moet steeds aan sodanige aandeelhouer gestuur word en moet nie aan die gevolmagtigde gestuur word nie.
  14. Bykomende vorms is op versoek beskikbaar by die oordragsekretaris.